# Wys my die weg, Here

## WELKOM

In die geskiedenis is daar al baiekeer liedjies geskryf wat die gevoel (hartseer of blydskap) van ’n hele gemeenskap probeer vasvang. Dink byvoorbeeld aan prinses Diana wat in 1997 oorlede is. Mense oor die hele wêreld, veral in Engeland, was baie geskok en getraumatiseer. Die sanger Elton John (’n vriend van prinses Diana) het een van sy bekende liedjies “Candle in the wind” verwerk na “Goodbye England’s Rose” waarmee hy en die wêreld van prinses Diana afskeid geneem het.

’n Deel uit die liedjie klink só:
The truth brings us to tears
All our words cannot express
The joy you brought us through the years

Gesels saam:

Watter musiek luister julle wanneer julle …

- bly is?
- nostalgies is?
- hartseer is?
- kwaad is?

## WONDER

Lees Psalm 137 saam.

Gesels saam:

- Hierdie psalm (gedig) word geskryf in reaksie op die Israeliete wat in ballingskap weggevoer is. Watter emosies verwoord die digter met hierdie psalm?
- Wat gebeur tans in die wêreld wat jou ontstel of hartseer maak?
- Watter gebeure in ons land ontstel jou of maak jou hartseer?
- Watter dinge in jou lewe ontstel jou of maak jou hartseer?

## WEES

Teken ’n tydlyn van jou lewe die afgelope tien jaar. Skryf op die tydlyn watter groot gebeure uitgestaan het. Dalk het daar baie goeie dinge gebeur, of dalk was daar dinge wat traumaties en moeilik was.

Laat die jongmense nadink oor hoe God in die goeie én slegte dinge teenwoordig was. Die jongmense wat gemaklik daarmee voel, kan hulle tydlyne met die groep deel.

Gesels saam:

- Wat leer julle uit hierdie psalm oor moeilike tye in julle lewe?

## WEGSTUUR

Steek ’n kers aan en dink ’n rukkie na oor al die hartseer in die wêreld.